**STEEK DIE GRENSE OOR MET DIE WATER VAN DIE LEWE!**

JOH 4 (:42c)

1. **BELYDENIS VAN GELOOF IS 'N WONDERWERK**
Teksvers - Hierdie woorde is 'n BELYDENIS – 'N GELOOFSbelydenis… soos wat Courtney en Marco ook vandag hulle geloof gaan bely. Om jou geloof te bely beteken **om openlik te sê of te wys wat jy in jou hart glo**.
Dit is niks minder as 'n **wonderwerk** wat daar gebeur het nie. Jesus se voorkoms was maar die van 'n gewone mens (nie kroon of spoggerige klere nie). Hy was boonop nog 'n Jood ook. En Hy het nie 'n groot gevolg saam met Hom gehad nie – net die 12 dissipels. So is dit **vandag ook** nog altyd 'n wonderwerk wanneer iemand sy/haar geloof in die Here Jesus bely. Ons kan Hom nie eens vandag *sien* nie! Dis 'n wonderwerk dat julle twee vandag hier gaan staan. Daar is baie, selfs van julle ouderdom, wat openlik ongelowiges is, wat niks met Jesus te doen wil hê nie. Hulle dink nie dis so "cool" om 'n christen te wees nie, wat nog te sê om by 'n kerk aan te sluit!

2. **DIE BYBEL EN ANDER MENSE SPEEL OOK 'N ROL**
Daarteenoor klink hierdie mense **so seker** as hulle verklaar ons "WEET dat Hy WAARLIK die Verlosser van die WêRELD is"? **Hoe het dit gekom** dat hulle tot so 'n geloof in Jesus gekom het?
Eers was daar die vrou wat hulle kom vertel het van Hom. Sy het Jesus self maar pas vantevore by die put ontmoet. Jesus het Hom stap-vir-stap aan haar bekend gestel. Iemand beskryf die verloop van die ontmoeting soos volg: "… first she caught sight of a thirsty man, then a Jew, then a Rabbi, afterwards a prophet, last of all the Messiah. She tried to get the better of the thirsty man, she showed dislike of the Jew, she heckled the Rabbi, she was swept off her feet by the prophet, and she adored the Christ" (Efraem)
Dit was baie van **ons se ervaring** – dalk julle twee s'n ook: Jesus is eers vir ons die kindjie in die krip, later die Wonderweker, dan die Een met die wyse woorde, dan die volmaakte Voorbeeld en dan uiteindelik die Verlosser van die wêreld.
Na haar ontmoeting met die Here Jesus is sy so opgewonde dat sy skoon vergeet wat sy eintlik by die put kom maak het. Daar het in haar lewe ook 'n **wonderwerk** plaasgevind! Sy los die kruik net daar en haas haar terug dorp toe om die ander dringend te gaan uitnooi: *"Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie?"*
Dis nie toevallig dat sy die twee goed bymekaar gebring het nie. Dit wys sy het haar **Bybel geken** en VERWAG dat die Messias enige dag kan opdaag. Die Samaritane se Bybel het net uit die eerste vyf boeke van Moses bestaan. In die vyfde boek, Deuteronomium, word die Messias-Profeet soos volg geskets: "Ek sal vir hulle 'n profeet na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, *en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel."(8:18)* Die ander sou waarskynlik ook die verband gelê het.
**So gebruik die Here** die Bybel en ander mense se getuienis vandag nog om mense tot geloof te bring – julle ouers byvoorbeeld. Dan is daar ook nog die oumas en oupas, familie, vriende, kerk, skool. As julle so 'n bietjie terugdink, sal julle seker aan 'n hele paar name kan dink van mense wat die Here in jou lewe gebruik het om die Bybel beter te verstaan en om Hom te leer ken. **Dank** die Here vir hulle!

3. **ALLES BEGIN BY GOD SE ONBEGRENSDE LIEFDE**

Maar **hoe het dit gebeur** dat die vrou met Jesus in kontak gekom het? Dit was omdat God van Sy kant af na haar toe **uitgereik** het. Dit het alles **by Hom begin**. Daar waar Hy sy Seun na die wêreld toe gestuur het. Dit was die **eerste grens** wat ons Verlosser oorgesteek het – van die hemel na die wêreld, van God na mens. Dit was nie net 'n groot *vernedering* nie, maar moes vir Hom 'n *geweldige aanpassing* gewees het.

Ons het gelees van **nog 'n grens** wat hy moes oorsteek. Vers 4 sê *"Hy MOES deur Samaria gaan."* Daar was ander paaie ook wat Hy van Judea na Galilea toe kon volg. Die Jode het gewoonlik daardie ander roetes gevolg omdat hulle juis NIE deur Samaria wou gaan nie. Samaria was vir hulle 'n *no-go zone,* want ons weet mos die Jode en die Samaritane het nie langs dieselfde vuur gesit nie. Hulle kon mekaar nie verdra nie. Die Samaritane was van gemengde afkoms en is daarom deur die Jode as onrein beskou. Daarom was dit vir die vrou so vreemd dat Jesus, wat 'n Jood is, vir haar wat 'n Samaritaan is, water vra.

**Hoekom** MOES Jesus dan deur Samaria gaan? Want God het daar by die put 'n **afspraak** vir Hom gereël gehad. En dit nogal met 'n vrou. Volgens die Joodse tradisie mag 'n rabbi nie eens in die openbaar met sy eie vrou of dogter praat nie, wat nog te sê van 'n vreemde vrou. Dit was NOG 'N GRENS wat Hy moes oorsteek. Hy mag Hom nie deur **tradisie** laat verhinder het nie.

Daarby was sy ook nog 'n vrou wie se **lewe nie so onbesproke** was nie. Sy het dalk juis op die warmste deel van die dag kom water haal om die ander vrouens met hul skuins kyke en skindertonge te vermy. Hulle het gewoonlik in die oggende en aande na die put toe gekom. Dit het ook in die gesprek uitgekom dat sy al 5 mans gehad het en nou ongetroud met 'n sesde een saamlewe (Liz Taylor 8). Jesus weet dit alles, maar laat Hom nie daardeur stuit nie. Hy is bereid om **ook hierdie grens** oor te steek – na iemand toe op wie ander neergesien het, gespot het, vermy het en dalk al afgeskryf het!

In die vorige hoofstuk lees ons dat Jesus vir **Nikodemus** gesê het: *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê."* (3:16) Hier sien ons daardie liefde vir die WêRELD, vir ALMAL in die wêreld, in aksie.

Dit was God wat ook in julle twee se geval die inisiatief geneem het. Hy het by **julle doop** al sy liefde vir julle bely, met ander woorde openlik bekend gemaak dat Hy vir julle lief is. Julle hoef Hom dus nie te gevra en gesoebat het om julle tog aan te neem as Sy kinders nie. Julle hoef HOM maar net aan te geneem het. Hy het geklop, julle het vir Hom oopgemaak – nie andersom nie.

Bo alles en almal moet ons dus vandag vir **God dank**, vir Sy genade en liefde wat onbegrens is. Soos die lied sê: *"Genade, onbeskryflik groot, het U aan my bewys!"*

4. **DIT WORD IN ONS 'N OPBORRELENDE FONTEIN**

Die vrou het 'n ontmoeting met Jesus gehad. Hy het vir haar water gegee wat in haar 'n **fontein** geword het wat opborrel (4:14) (– beeld voor kansel). Sy vergeet van haar eie behoeftes en los die waterkruik net daar. Sy steur haar nie meer aan wat die mense gaan sê nie. Sy weet net **sy kan hierdie nuus nie vir haarself hou nie.** Sy gaan **sonder haar kruik**, maar **met die boodskap** van die Lewende water wat 'n mens nooit weer laat dors kry nie en aan jou die ewige lewe gee na haar mense toe. Sy **wag nie** totdat sy eers al haar feite agtermekaar het nie. Sy begin sommer dadelik vertel en ander na Jesus toe uitnooi.

Iemand het juis gesê dat dit sy **definisie is van getuienis**: *Een bedelaar wat vir 'n ander bedelaar vertel waar daar brood te vind is!* Dink aan die **ryk man** se

versmagtende dors in die gelykenis van die ryk man en Lasarus toe hy na sy dood uitgeroep het: "*Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur."* (Luk 16:24)
**Begin** deur ander net eerlik en openhartig te vertel wat Jesus vir **jou beteken**, watter **verskil** Hy in jou lewe maak. Daarvoor het 'n mens nie 'n klomp kopkennis nodig nie.
Hierdie vrou met bedenklike reputasie en al bring daardie dag **meer mense na Jesus toe** as wat die dissipels na hulle besoek aan daardie dorp na Hom toe gebring het.
**Die Here gebruik nie net sekere mense nie.** As jy die Here ken as jou Verlosser, dan kan en wil Hy jou ook gebruik om ander na Hom toe te lei. Julle twee weet nog nie naastenby alles wat daar in die Bybel staan nie. Niemand van ons ken al die antwoorde nie. Maar die Here kan en wil ons gebruik, want die Heilige Gees gaan saam met ons, Hy gaan voor ons uit en Hy kom agterna. Ons saai, Hy laat groei.
Hierdie mense wat hulle geloof met soveel oortuiging in ons teksvers bely, **het hulle toe ook soos die vrou vir ander gaan vertel?** Ek wonder. Dit staan nie hier nie.
Die **vraag wat belangriker is**, is: Wat doen ek en jy met die goeie nuus, met die evangelie? **Is ons besig en bereid** om grense oor te steek daarmee?
Soms is die grense **in myself** – ek is skaam, voel skuldig, voel te dom, wil nie uit my gemaksone beweeg nie, gee nie genoeg om vir ander wat nog verlore is nie. Soms lê die grense **buite my** – bv as gevolg van tradisies en vooroordele.

5. **DIE KERK SE TAAK IS OOK JOU TAAK**
Wanneer 'n mens in die kerk belydenis van geloof afgelê het, word jy 'n belydende lidmaat van die kerk en **word die kerk se taak ook jou taak.**
*"Die rede waarom die kerk bestaan:*
*Om God te verheerlik deur sy liefde aan 'n wêreld in nood te wys!"*
Gemeente, **kom ons steek saam** met Jesus en saam met hierdie nuwe lidmate die grense oor en doen dit! (verheerlik God deur sy liefde aan 'n wêreld in nood te wys).

*"Die kerk (waarvan ek en jy lidmate is) is die liggaam van Christus. Die mate waarin ek en jy ons taak met ywer en entoesiasme uitvoer, sal help bepaal of die liggaam van Christus beter of swakker funksioneer." André Fritzgerald*

Amen
27.03.2011